Oordenking
21 Mei 2009

Hemelvaart!

Dit is vandag Hemelvaart! Mag jy seën en troos ontvang uit die geloofskennis dat Jesus Christus, ons Hoof en Here, tot hemelse Koning gekroon is en dat aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Hier volg 'n paar vrae met antwoorde wat ons help om te verstaan hoe belangrik sy verheerlikte regering in die hemel vir ons is:

1. Wat beteken dit dat Christus opgevaar het na die hemel?
Christus is, as mens, voor die oë van sy dissipels, van die aarde af na die hemel opgeneem en bly daar met goddelike mag en krag, totdat Hy terugkom om oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het, te oordeel.

2. Is Christus dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld, soos Hy ons beloof het nie?
Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit weg van ons af nie.

3. Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Eerstens: Hy is in die hemel ons Voorspraak by die Vader.
Tweedens: Omdat Hy as mens in die hemel is, weet ons dat Hy ook vir ons, sy mense, na Hom toe sal neem.
Derdens: Hy stuur sy Gees na ons toe, deur wie se krag ons soek na die dinge wat daar bo is, waar Christus is en nie die dinge wat op die aarde is nie. Die verheerlikte Christus, op die hemelse troon, stort hemelse gawes op ons uit en beskerm en bewaar ons teen elke vyand. Hy verlos ons van die bose.

Christus Jesus, groot en magtig!
Ewig heers U op die troon.
Loof die Here, ewig, kragtig,
Hy's met lof en eer gekroon!
Prys die Here, Hy skenk lewe,
Hy wat heerlik' lig bewoon!
Loof die Koning, Hy vergewe,
prys sy Naam so wonderskoon.

Jesus Christus, Heer, almagtig,
Hy het hemel toe gevaar!
En daar aan sy Kerk gedagtig,
pleit vir ons met liefde daar!
Loof die Koning, hoog verhewe,
waar die hemelkore sing,
lei Hy ons wie Hy vergewe!
Wil Hom dank en ere bring!